

## TIPPING POINT ONDERWERPE VIR GEBED, VANAF 10 DESEMBER 2018.

### Inleiding.

**Dankie dat jy steeds saambid. Hiermee ons gebed punte vir tydperk vanaf 10/12/2018.**

**Die punte is gerangskik dag vir dag sodat jy elke dag van die week oor 'n verkillende onderwerp kan bid. Ons bid in essensie vir dieselfde sake, die klem verskil soos die Here dit op ons hart lê. Ons volg die voorbeeld wat die Here self vir ons gee in die gelykenis van die onregverdige regter – God nooi ons uit om aanhoudend oor dieselfde sake te bid en nie moeg of moedeloos te word nie. Soos die vrou dieselfde saak dag vir dag voor die regter gebring het, presies so, nooi die Here ons om dieselfde sake voor Sy troon te kom lê, vas in die wete dat Hy SAL hoor (Jesaja 62:6-7. Lukas 18:1-8)**

Ons gaan nou die vakansie tyd binne, waar ons hele land vir 'n maand lank tot stilstand kom, terwyl almal gaan rus. Dit is nodig vir elkeen om te rus, God het self gerus, en Sy dag (die Sondag) ingestel met daardie spesifieke doel. MAAR – ons mag nooit geestelik gaan rus of slaplê nie. Juis nou in Desember, terwyl ons sekulêre verpligtinge verminder, het ons meer tyd om aan die Here en Sy koninkryk te spandeer. Mag ons vir jou aanmoedig – gebruik hierdie tyd van rus om nader aan die Here te kom, waak daarteen om geestelik te gaan rus, want ons vyand, die duiwel gaan verseker nie rus nie. Vakansietyd, juis wanneer ons meer tyd vir onself het, is 'n tyd wat die duiwel gebruik om opnuut ons te bombardeer met versoekings, ons vra weer – waak daarteen asseblief. Dis nie veniet dat die spreekwoord sê – "ledigheid is die duiwel se oorkussing..."

Nog 'n woord oor vakansie tyd, Desember en Kersfees. Nie elkeen is bevoorreg genoeg om die Kerstyd saam met geliefdes te vier nie. Daar is sommige vir wie hierdie tyd 'n tyd van seer en swaar herinneringe is aan geliefdes wat "te vroeg" ons verlaat het. Kom ons dink in gebed elke dag aan hulle vir wie Kerstyd nie lekker is nie, inteendeel. Verder, indien enigsins moontlik, doen iets prakties vir "af vlerk" mense in hierdie tyd – dis waartoe die Here ons geroep het. Onthou wat sê Jakobus 2.17 – geloof sonder werke is dood. Vra die Here om vir jou 'n wakker oog te gee om ander se nood raak te sien, en daarmee saam, 'n simpatieke en sagte hart, om te help en bemoedig waar ons kan.

Juis dan, omdat Desember vir die meeste van ons meer geleentheid gee om te bid, pleit ons by jou – moenie slaplê in gebed nie, bly asseblief bid vir die gebed punte gelys, en natuurlik ander sake soos die Heilige Gees dit op jou hart lê.

Sommige sake is so krities belangrik dat ons vra vir daaglikse gebed. Ander sake bid ons weekliks voor, een dag per week per onderwerp.

### **Daaglikse gebed – Pres Cyril Ramaphosa**

Ons bid sedert die "Its Time 2" byeenkoms daaglikse vir ons president, Mnr. Cyril Ramaphosa. Ons glo hy is God se keuse, juis vir 'n tyd soos hierdie (Ester 4:14). Die Bybel leer dat elke regering, en dus elke president, deur God aangestel is oor ons. (Romeine 13 1-7) Ons staan dus onder 'n Goddelike verpligting om vir die leiers oor ons, en oor ons land aangestel, te bid.

Mnr. Ramaphosa het 'n (menslik gesproke) onmoontlike taak – Hy moet 'n land oorgegee aan korrupsie, geweld en wetteloosheid, met 'n kwynende infrastruktuur, weer gesond maak. Voorwaar, menslik gesproke, onmoontlik. **BUT GOD** – Maar vir God is alles moontlik, en ons gaan die Here vasgryp in geloof, en gebed, en Hom vra om vir Pres Ramaphosa bo-natuurlike wysheid, insig en krag te gee. Ons gaan ook

*bly bid, soos voorheen, dat Mnr. Ramaphosa elke besluit sal onderwerp aan God se Woord, en God se wil.*

- Ons dank die Here dat hy vir President Ramaphosa vir ons land gegee het, juis vir 'n tyd soos hierdie, en ons vra die Here vir beskerming vir hom en sy gesin.
- Ons bid dat Pres Ramaphosa die moed en die durf sal ontvang om te doen presies dit wat die Here vra – om net na een stem te luister, die Here se stem en leiding vir elke besluit, ten spyte van kritiek en teenstand wat sekerlik sal kom.
- Ons vra dat die Here vir hom wysheid sal gee om ons land reg te regeer, soos Hy vir koning Salomo met 'n bonatuurlike wysheid geseën het om Israel regverdig en Godvresend te lei en regeer.

### **Maandae: Grondeise en hervorming.**

*Hierdie saak wil nie gaan lê nie. Kort kort is daar nuusberigte daaroor. Onlangs is daar weer kabinet besluite geneem, wat op die oog af, onrusbarend lyk. BUT GOD, Maar God het 'n plan, ook met hierdie onsekerheid.*

- Ons bid vir elke boer – swart, blank, kleuring, Indiër.
  - Vir kalmte, rustigheid en verdraagsaamheid.
  - Dat swaarkry en bedreiging ons boere en hulle plaaswerkers na die Bybel en gebed sal dryf, eerder as na geweld en die wapen.
  - Ons bid vir versoening tussen boere en plaas werkers waar dit nodig mag wees.
- Ons bid vir die regering – vir hemelse wysheid om die grond kwessies reg te hanteer. **Ons vra vir 'n bonatuurlike wysheid vir elke besluitnemer, sodat almal betrokke regverdig en billik behandel kan word, menslik gesproke 'n onmoontlike taak.**
- Ons bid vir Pres Ramaphosa vir spesiale wysheid, insig en durf (courage) om die regte dinge te doen en sê.
- Ons weerstaan elke bose mag wat onenigheid, vyandskap en geweld in ons land wil dryf.

### **Dinsdae: Hofsaak Gaum vs NG kerk. (selfde geslag huwelike)**

*Die regters oordink nog (steeds) die uitspraak vir hierdie saak, ons bly bid.*

*'n Mens kry toenemend die gevoel dat die Here hierdie saak wil gebruik om iets in die NGK, asook die kerk in die breë, in Suid Afrika te doen. Ons voel gelei om al hoe meer vir die NGK, asook die kerk in Suid Afrika op te dra aan die Here. Dit is ongelukkig waar dat die kerk in ons land, tot 'n groot mate sy profetiese stem verloor het, ons vra die Here om vir Sy Kerk sy stem terug te gee, en vir 'n kragtige werk van die Heilige Gees deur die NGK., asook al die kerke in ons land. Ons vra veral vir leiers in elke denominasie wat bereid om by God se woord te staan sonder kompromie, amper soos 'n Martin Luther dit eens gedoen het – "Hier staan ek, God help my, ek kan nie anders nie..."*

- Ons vra dat die Here vir ons in die NGK (asook alle ander kerke) 'n leierskap sal gee wat vreesloos en sonder kompromie by die waarheid van God se Woord bly staan.
- **Ons vra die Here om ons kerk en sy leiers te vergewe vir verkeerde besluite en beslissings in die verlede, waar kompromie met die waarheid van God se Woord gemaak is.** Ons dank die

Here vir Sy belofte dat Hy nie net ons as kerk sal vergewe nie, maar ook sal reinig en seën soos ons vorentoe beweeg. (1 Joh 1:9)

- Ons bid dat die leun (alles en enigiets teenstrydig met God se Woord) ontbloot en tot niet gemaak sal word, ook die leuens en onwaarhede ter sprake in hierdie hofspraak.
- Ons bid dat die Here die regters goddelike wysheid en insig sal gee en hulle harte sal draai as dit teen die Here se wil in wil besluit. (Die Here rig die harte van konings soos waterstrome (spreuke 21.1))

### **Woensdae: Polisie, weermag en gevangenis dienste.**

*Ons lees in Romeine 13 dat God vir die owerheid 'n swaard in die hand gegee het, die outoriteit om wet en orde in die land te handhaaf, sodat die landsburgers in vrede en veiligheid die Here kan dien.*

*Ongelukkig is daar geen sprake daarvan in ons land nie. Ons polisie, en ander veiligheid magte is hulle krag, respek en outoriteit ontnem, vir verskeie redes. Die gevolg is n land waar mense, en veral vroue en kinders, in daaglikse vrees en onveiligheid moet leef.*

*Dit lê swaar op ons harte om vir ons polisiemanne en vroue te bid. Kom ons tree in voor die Here vir hierdie onselfsugtige en dapper mense, en daarmee saam vir almal in bevel en leierskap in polisie, weermag, gevangenis dienste.*

- Ons bid vir elke polisieman en polisievrue vir Goddelike beskerming terwyl hulle hulle gevaarlike dagtaak uitvoer.
- Ons bid vir leierskap van ons polisiemagte, weermag en gevangenis dienste.
- Ons vra dat die gevaar en werklikheid van die dood vir elkeen sal dwing om te begin dink oor die lewe na die dood, en die ewigheid. **Ons vra dat God se Gees baie sal oortuig oor die noodsaaklikhede van bekering / wedergeboorte.**
- Ons bid vir landswye herlewing in ons polisie, weermag en gevangenis dienste. **Jesus in the heart of every policeman / woman.**
- Ons vra dat ons polisiemag weer die nodige outoriteit en respek sal kry wat dit verdien. Ook die liefde, omgee en deernis van 'n dankbare bevolking.

### **Donderdae: Skole, universiteite, kolleges.**

*Ons studente en skoliere is op vakansie. Die bevoorregtes is by die see en ander vakansie plekke. Die bevoorregtes het ma's en pa's wat hulle lief het en oppas en versorg en bemoedig, maar daar is egter baie wat nie bevoorreg is nie. Finansiëel gaan dit so dat hulle nie weggaan vir die vakansie nie, ander weer gaan huis toe na gebroke en stukkende gesinne, vol hartseer, spanning en pyn, soms selfs geweld.*

*Ons bid vir ons jong mense, skoliere en studente se veiligheid hierdie vakansie tyd – fisies, emosioneel, maar veral ook geestelik. Die duiwel gaan hierdie tyd van "ontspanning" gebruik om 'n menigte vas te vang in sondes en versoekings wat so vryelik beskikbaar is. Ons gaan ook bid vir hulle wat minder bevoorreg is, vir wie vakansie tyd nie noodwendig 'n tyd van plesier en ontspanning is nie.*

***Maar een gebed, bo alle ander gebede, bid ons vir ons jong mense – dat God vir hulle 'n toekoms sal gee in ons pragtige land!***

- Ons bid vir elkeen wat hierdie jaar skool of universiteit of kollege klaarmaak. Ons vra die Here om vir hulle 'n toekoms in ons land te gee, en hoop om nie moedeloos te raak nie. Ons vra dat onsekerheid studente en skoliere nader aan Jesus, nie verder weg sal dryf nie.

- Ons bly bid vir elke leerling / student vir:
  - Ontvanklike harte vir die Woord en evangelie.
  - Beskerming teen verkeerde invloede en “bullying”
  - Beskerming teen onreinheid, verkeerde verhoudings, verkragting en pornografie.
  - Beskerming teen die mag en houvas van dwelms, alkohol, ens, veral in die vakansie tyd.
- Ons bid vir herlewing in ons skole, kolleges en universiteite. **"Jesus in the heart of every scholar and student"**

### **Vrydae- Verkiesing 2019, ekonomie en korrupsie**

*Ons bly intree vir 2019 se verkiesing. Kan daar enige twyfel wees dat hierdie verkiesing ons belangrikste is sedert 1994. Kan daar enige twyfel wees ons kort in 2019 se verkiesing 'n God bewerkte wonderwerk, net soos in 1994 se verkiesing? Nee daar kan nie, ons land het die geleentheid om 'n nuwe, godvresende regering in te stem, dit sal slegs gebeur as God op 'n bonatuurlike manier ingryp –kom ons bid vir 2019 se verkiesing asof ons lewens daarvan afhang!*

***En, op grond van S y Woord, kan ons weet die Here sal, net soos in 1994, iets bo-natuurlik doen vir Suid Afrika, op een voorwaarde – dat ons bly bid. Ons gebed vir die verkiesing 2019 is niks minder as die volgende - Dat die Here vir ons 'n godvresende regering sal gee, wat God en Sy woord erken, eer en respekteer, en elke besluit toets aan die waarheid van God se woord!***

- **Verkiesing:** Ons bid vir die 2019 verkiesing – dat die Here die wat Hom en Sy woord teëstaan sal verwyder, en ons land 'n regering sal gee wat God dien en vrees.
- **Korrupsie:** Ons bid teen alle vorms van korrupsie. Ons vra die Here om korrupte politici uit te wys en te verwyder uit hulle poste. Ons bid dat die geld wat gemors en gesteel word d.m.v. korrupsie eerder aangewend sal word om werkgeleenthede te skep vir die miljoene wat desperaat opsoek is na werk.
- **Ekonomie:** Ons bid vir 'n regering wat die in die ekonomie sal herstel, wat sal lei tot voorspoed en die skep van baie werkgeleenthede.

### **Saterdag – Kerke**

*Die ongereddes en verlore nes in Suid Afrika wag vir die kerk om op te staan en met 'n duidelike stem te proklameer – Jesus Christus is die antwoord, kom na Hom toe, Hy sal vir julle rus gee....Maar dit is asof ons met stomheid verslaan is. Ons bid vir die kerk in ons land, en ons predikers, dat ons sal word dit wat die Here ons werklik bedoel het om te wees, 'n stem wat duidelik en onbeskaamd Jesus Christus as die verlosser van die wêreld verkondig.*

Ons bid vir kerke dwarsoor ons land:

- Kerklidmate:
  - **Vir nuwe bekerings.**
  - Vir geestelike groei en verdieping by bestaande lidmate.
  - Dat elke lidmaat saam met hom/haar 'n boodskap van hoop sal uitdra vir 'n verlore gaande wêreld.
- Predikers – ons bid vir ons predikante landwyd. Bid spesifiek vir jou gemeente se predikers, een vir een, op die naam.
  - Dat predikers landwyd 'n boodskap van hoop van die kansels af sal verkondig vir 'n verlore gaande wêreld.

- Vir 'n dieper verhouding met die Here, dag vir dag.
- Vir 'n kragtige en groeiende gebed lewe.
- Kweekskole, Bybel skole en kolleges.
  - Vir geesvervulde professors en mentors om ons jong predikers op te lei.
  - Dat enige dwaalleer ontbloot en verwyder sal word.

### **Sondae – Families en gesinne.**

*“As the family goes, so goes the nation”... **Die huwelik en gesin is God se bousteen vir gemeenskappe en nasies.** Die huwelik is egter deur God ontwerp en kom net tot sy reg as daar aan God se reëls en vereistes voldoen word. Kom ons vra die Here vir herstel van huwelike dwarsoor ons land, tot eer van sy Naam.*

- Ons bly bid teen hierdie bese aanslag op huwelike
  - Dat huwelike wat op die rand van egskeiding staan gered sal word. (Miskien ken jy iemand met 'n huwelik wat swaarkry – bly asb. bid vir daardie persone en hulle kinders, vir redding vir die gesin) Vra die Here dat die bese nie in sy plan sal slaag om daardie huwelik te vernietig nie)
- Ons bly bid dat mans sal opstaan om hulle verantwoordelikheid as pa en geestelike leier van die gesin weer in te neem.
- Ons bly bid dat ma's nie so beroeps gefokus sal word dat gesinne en veral kinders daaronder ly nie.
- Ons bly bid vir gebroke huishoudings.
  - Enkel ouers dat hulle Jesus se liefde toenemend sal ervaar, nie moedeloos sal raak nie en op God se tyd weer 'n huweliksmaat sal vind.
- Weeskinders.
  - Bid dat God self sal ingryp om die kindertjies genadig te wees.
  - Bid dat die kerk sal opstaan en meer en meer sy rol begin speel in die oppas van weeskinders. (in lyn met die bybelse opdrag in Jak 1:27)

**Ons dank elkeen wat deelneem by voorbaat vir julle gebede – ons weet dis nie tevergeefs nie!**

Seën, MPG gebed span.